## MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 7 AUGUSTUS 2024

Hi ouens

Ek gee graag 'n opsomming van dit wat ons gisteraand bespreek het.

1. Die vier diere
    a. Daniël het 'n droomgesig van vier diere, Daniël 7:1-7.
    b. Hy fokus op die vierde dier, Daniël 7:7.
    c. Hy vra die engel om dit aan hom te verduidelik, Daniël 7:19.
    d. Hierdie koning is godslasterlik, Daniël 7:25.
    e. Hy verdruk Israel vir 3½ jaar, Daniël 7:25.
    f. Hy word verslaan, Daniël 7:26.
    g. Jesus Christus regeer uiteindelik, Daniël 7:27.
2. Die toekoms van Israel en Jerusalem
    a. Daniël lees oor die 70 jaar van ballingskap soos Jeremia dit opgeteken het, Daniël 9:2.
    b. Die profesie is in **Jeremia 25:9-13**.
    c. Daniël doen belydenis vir die sonde van sy volk, Daniël 9:3-19.
    d. Die engel verskyn aan hom, Daniël 9:21.
    e. Die engel beskryf aan Daniël dat 'n periode van 490 (sewentig sewetalle) oor sy stad en sy volk bepaal is, Daniël 9:24.
    f. Die doel is om ses doelwitte te bereik, Daniël 9:24.
    g. Sewe sewetalle (49 jaar) word gebruik om die stad weer op te bou na die ballingskap, Daniël 9:25.
    h. 'n Verdere 62 sewetalle (434 jaar) word gebruik om die stad aanhoudend in stand te hou, Daniël 9:25.
    i. Aan die einde van die 483 jaar (49+434 jaar) word Jesus Christus gekruisig, Daniël 9:26.
    j. Die stad en die tempel word verwoes in 70 nC, Daniël 9:26.
    k. 'n Nuwe koning kom na vore en sluit 'n verbond van sewe jaar (een week = sewe jaar), Daniël 9:27.
    l. In die helfte van hierdie sewe jaar word die verbond opgehef, Daniël 9:27.
    m. Hierdie leier tree gruwelooslik op, Daniël 7:25 en Daniël 9:27.
    n. Paulus verduidelik wat hierdie leier in die nuwe tempel gaan doen, **2 Thessalonicense 2:4**. Hy sit in die tempel en verklaar dat Hy God is. Dit is die gruwel waarna Jesus ook verwys.
    o. Dit is waarna Jesus verwys in Matthéüs 24:15.
    p. Wanneer dit gebeur, is dit tyd vir die Jode om te vlug, Matthéüs 24:16-20.
    q. Misleiding is aan die orde van die dag, Matthéüs 24:4; Matthéüs 24:23-26.
    r. Jesus se wederkoms word verduidelik in Matthéüs 24:29-35. Sien ook:
        i. Sagaría 14:1-3, Jesus Christus veg teen die nasies
        ii. Sagaría 14:12, wat met sy teenstanders gebeur
        iii. Openbaring 16:16, die slag van Armageddon word voorberei
        iv. Openbaring 19:11, die wederkoms van Jesus Christus
        v. Openbaring 19:20-21, die slag van Armageddon is eintlik 'n antiklimaks:
            1. Die dier en die valse profeet word gevange geneem en in die poel van vuur gewerp, Openbaring 19:20; en
            2. Die res van die magte wat teen Jesus Christus opgestaan het word gedood, Openbaring 19:21, en die slag is verby.

vi. Die einde van die slag van Armageddon voltooi die 490 jaar wat die engel vir Daniël verduidelik het in Daniël 9:24.

s. Openbaring 20:1 is die begin van die millennium (1000 jaar) vrederyk waar Jesus as koning regeer.